
# SKERPIOEN VAN DIE RICHTERSVELD



deur Braam le Roux

TEMMERS VAN DIE WOESTYN №34

# INHOUD


| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| I. | 'n Folterdood | 7 |
| II. | Lis Teen Lis | 19 |
| III. | In die Strik | 35 |
| IV. | 'n Gifpyl Fluit | 45 |
| V. | Magteloos | 60 |
| VI. | Tussen Twee Vure | 74 |
| VII. | „Hier's Hannah Fouché!" | 93 |

# 'N FOLTERDOOD

OP 'n koppie besaai met ysterklippe waarop die skroeiende voormiddagson trillende hittegolwe laat dans, sit twee ruiters roerloos op hul perde. Links van hulle is die wêreld een vaal sonverskroeide verlatenheid. Regs, sowat honderd tree van hulle af, slinger die byna droë loop van die Oranjerivier tussen skurwe, tronende rotsmassas deur. Nêrens is 'n dier, voël, of selfs insek te sien nie.

Die gespierde jongman op die gitswart hings draai hom effens dwars in die saal en met sy blou oë half toegeknyp onder die breë rand van sy vaal hoed, vra hy : „Gewaar jy niks nie, Hannah?"

Die meisie laat die verkyker voor haar oë sak, druk 'n paar los haartjies dieper onder haar kappie in en skud haar kop. „Niks, Kobie."

„Dan moet ons maar omdraai. Ons is al 'n goeie vyftien myl van die kamp af en sonder minstens 'n goeie voorraadjie water durf ons nie verder ry nie want die rivier raak hier anderkant skoon weg tussen loodregte kranse waar g'n mens of dier kan af nie. 'Tag, ek voel regtig onrustig oor daardie twee konstabels," en hy sug effens.

„Toe maar," troos Hannah Fouché wat haar hande sag op die bruinperd se nek laat rus, „hulle het darem ou Samuel by hulle. Hy sal wel sorg dat sy base nie sommer in gevaar inloop nie. Hy is die beste spoorsnyer in die Kalahari en die ganse Boesmanland en . . ."

„Dis jou skuld dat ek nie saam met hulle is nie," merk hy met 'n flou glimlaggie op. „Die ou koorsaanvalletjie was verby en ek was toe al oor sterk genoeg om saam te ry en . . ."

„En my met agt mans alleen te laat . . ." begin sy spot.

„Jy's mans genoeg vir tagtig," kap hy terug.

„Al was jy ook fris en gesond, sou ek jou nog nie laat gaan het nie," sê sy ernstig. „Jy besef tog immers dat 'n trop van 800 beeste en 200 perde 'n baie sterk lokaas vir die Skerpioen moet wees en met slegs agt man om die trop op te pas, sonder jou, watter hoop het ons as daardie dief, rower en moordenaar

en sy bende op ons toesak in die nag, soos glo sy gewoonte is? En sodra die vee behoorlik uitgerus het, gaan ons ook geen dag langer as wat nodig is daar by die drif vertoef nie, Kobie. Hierdie wêreld het op sy beste nie 'n aangename reputasie nie, maar na wat die konstabels ons vertel het, is ek behoorlik haastig om soveel myle moontlik tussen ons en die Richtersveld te plaas. Ek kan ook nie besin hóekom die twee mans nie na jou wou luister nie," en sy druk weer die verkyker voor haar oë om die wêreld in 'n ander rigting te bekyk.

„Hulle doen maar net hul plig, jong," merk Kobie op. „Patrolliediens in hierdie wêreld is op sy beste nie kinderspeletjies nie en, soos die een, Jan le Roux, opgemerk het die oggend voordat hulle daar by ons weg is, wet en orde moet gehandhaaf word, selfs in hierdie onherbergsame woeste wêreld waar in die jongste tyd glad te veel avonturiers struikrowers en geweldenaars intrek."

„Alles goed en wel," merk Hannah op, „maar hulle besef tog self dat hulle niks kan doen teen die Skerpioen nie en dat mens feitlik 'n leër nodig het om daardie skurk uit sy grotte en gate langs die Oranje te haal. Le Roux erken self dat hulle nie eens weet waar die Skerpioen se werklike lêplek presies is nie. Al wat hulle weet, is dat hy gebruik maak van 'n klompie Boesmans om vir hom spioenasiewerk te doen en sodra hy oor al die nodige inligting beskik, borrel hy en sy bende uit die kransneste, roof, plunder en moor en verdwyn soos mis voor die son weer in hul vesting."

„Dis waar, maar die twee konstabels het bloot gaan verkenningswerk doen met die oog op latere optrede. Jy vergeet blykbaar, Skat, dat daardie bende blanke avonturiers hierdie wêreld al so op horings geneem het dat die trekboere besluit het om, as dit veel erger gaan, behoorlik te organiseer en die Skerpioen te gaan aantas, waar hy hom ook al skuilhou. Uit die Kaap kan hulle geen hulp van owerheidsweë verwag nie, want die Regering daar laat almal wat hierheen trek uitdruklik verstaan dat hulle op geen beskerming kan staatmaak nie. Dus wat bly oor as om maar self planne te prakseer? Kom ons draai om," sê hy en wil die swart hings ompluk, maar Hannah sê : „Kom ons ry nog net tot op daardie hoë klipkop daar voor. Vandaar kan ek met die verkyker darem nog 'n mooi stuk wildernis bekyk."

„Goed," en albei trek hul perde op 'n stap en laat hulle self koers kry tussen die klippe deur.



„Eendag," sê Kobie terwyl hulle langs mekaar voortbeweeg, „gaan ek nog vir ons 'n lekker plaas in daardie Suidwes-wêreld aanskaf. Hoe sal jy daarvan hou om . . ."

„Kobie Ras," en die bruin oë skitter lewendig, „eerstens is jy . . . en miskien ek ook . . . gans te rusteloos om op een plek te bly sit, veral noudat trekboere en jagters ons so dikwels nader om hulle te vergesel op hul togte. Buitendien, ek kan nie onthou dat jy al ooit gevra het om eendag met my te trou nie. Gits," en sy trek haar mond op 'n tuit, „besef jy dat ons nie eens verloof is nie?"

Kobie lag heerlik. „Jy sowel as ek is nog pure kinders," spot hy. „Solank jy jou mooi soet gedra en my nie begin agtervolg met trouplanne nie . . ."

„Jy sal jou wat verbeel!" keer sy hom. „Terloops," en sy wys na haar vangtou wat netjies opgerol eenkant oor haar saal hang, „dis tyd dat jy vir my 'n nuwe vangtou gee. Hierdie een raak gedaan."

„Jy wil nie miskien ook 'n nuwe leergordel vir jou twee rewolwers en patrone hê of 'n nuwe jagmes nie? En nog iets," voeg hy by, skielik ernstig terwyl hy na die leë geweersak langs die saal wys, „jy moet nie uitry sonder jou geweer nie. Rewolwers is goed en wel op kort afstande maar as jy met mense te doen kry wat met gewere op jou aanlê, moet jy òf kan terugskiet òf gou genoeg kan laat spaander. Nee, moenie onverskillig raak nie," maan hy ewe vaderlik.

„Dis waar, ja, Baas," gee sy kamtig gedwee toe en verval toe in stilswye.

Dis asof albei besef dat hulle maar net gesels om ander duistere gedagtes af te weer—gedagtes wat soos giftige adders aanhou dreig om kop uit te steek.

Kobie sowel as Hannah onthou maar te goed konstabel Le Roux se afskeidswoorde die oggend met dagbreek by die kamp : „As ons nie binne vyf dae terug is nie, hoef julle nie na ons te laat soek nie!"—en gisteraand was daardie vyf dae om!

Toe hulle eindelik amper die kruin van die skurwe kop haal, spring albei oudergewoonte van hul perde af. „Want 'n mens, weet nooit wie anderkant ook op die uitkyk kan wees nie," soos Kobie altyd sê.

Die twee diere bly roerloos staan terwyl Kobie en Hannah rats hoewel nat van die sweet, tussen die rotse deur worstel.

Voor hulle lê 'n taamlike wye vlakte, ook besaai met ysterklip en oral versier met kleiner klipkoppies.

Hannah druk die verkyker voor haar oë. „Ek sal doer op die rivierwal se kant begin en dan geleidelik na links kyk," sê sy terwyl Kobie met sy oë tot skrefies getrek, ook die klipbesaaide toneel betrag.

'n Goeie vyf minute heers daar 'n doodse stilte op die kop. Toe skielik sê Hannah : „Boesmans!" Terselfdertyd wys sy met haar hand na regs. „Daar by die tweede klipkoppie net links van daardie stapel rotse wat amper soos 'n olifant lyk. Dè," en sy reik hom die verkyker.

„Hulle is besig om teen die koppie uit te kruip," sê Kobie toe hy die toneel mooi onder oog het. „Ek tel 'n stuk of drievier. Daar flits 'n pyl van bo af na hulle toe . . . lyk na 'n geveg tussen twee groepe . . . nee . . . dis snaaks . . . daar gaan die aanvallers sit, elkeen agter 'n klip . . . bokant hulle by 'n gat roer een . . . Hannah! . . . ek . . . dis sowaar ou Samuel. Daardie ou hoed met die vaal veer . . . Kom!"

Hy gee haar verkyker terug en terwyl sy dit om haar nek hang, hardloop hulle na hul perde terug, spring in die saal en kry koers duskant die kop af.

„As ons onder kom swaai ons regs om die kop en dan laat ons ooplê so vinnig as wat die klipperige aarde toelaat. Ek sal met my geweer op hulle lostrek sodra ons binne trefafstand kom. Later kan jy met jou rewolwers skiet."

„Goed." Hannah se wange gloei van opgewondenheid en haar een hand gly saggies oor haar vuurwapen se kolf hier aan haar sy.

„Daar kruip die aanvallers weer hoër," roep Kobie vir Hannah wat op Fleur skuins agter Donker jaag dat die klippe so spat.

Kobie trek sy geweer uit die leersak aan sy saal, gereed vir aksie. Hannah is nou bitter spyt dat sy nie ook haar geweer by haar het nie, want hoewel sy nie so 'n knap geweerskut soos Kobie is nie, kan sy maklik kers vashou vir die gemiddelde skut. As dit eers by rewolwers kom, nou ja, dan kraai sy maklik koning.

Die Boesmans se aandag is so toegespits op hul eie aanval dat hulle eers onraad gewaar toe Kobie se eerste skoot oor die aarde weergalm en 'n Boesman wat net orent gekom het om 'n pyl na die gat daar bo te los, reg agteroor slaan met 'n koeël tussen die blaaie deur.

Voordat Kobie en Hannah die voet van die koppie haal, het Kobie 'n tweede vyand platgetrek en nou trek Hannah ook met haar vuurwapens los, terwyl ou Samuel daar bo in die gat waar hy vasgekeer sit, sy hoed heen en weer swaai, òf van skone blydskap oor die redding òf om te beduie dat die skuts hom tog nie moet raakskiet nie.



Die vierde Boesman—daar was net vier—het om 'n klip gewip, koes-koes agter ander klippe teen die kop af genael, maar toe hy in sy haas om 'n ander groot klip te haal, effens orent kom, tref 'n rewolwer koeël hom in die nek.

„Hoera!" Ou Samuel, 'n oorlamse Hottentot met 'n goeie streep Boesmanbloed in sy verrimpelde liggaam storm by die grot uit, boog in die een hand, vaal hoed in die ander.

Terwyl Kobie en Hannah die klippe versigtig dop hou net vir geval daar nog 'n skuilende Boesman is, wag hulle gespanne op Samuel wat soos 'n haas na hulle toe hardloop.

„Dankie, my Grootbaas! Groot dankie, my Klein Nonna! Ou Samuel sê . . ."

„Samuel," keer Kobie vinnig, „los maar die dankie-sê vir later. Waar's baas Le Roux en baas Brooks? Ons het kom kyk of ons niks van julle gewaar nie," voeg hy by.

Die oujong se stralende gelaat versomber ineens.

„Auk, my Grootbaas Kobie, dis 'n lelike ding. Baas Jan le Roux is deur daardie Skerpioen en sy mense doodgeskiet. Baas Brooks het hulle gewond, gevang en toe . . . baas, Hemeltjie," en die oujong knyp sy oë styf toe asof hy 'n gees sien. „Kom my baas, my nooi. Baas Koos Brooks lê 'n uur te perd se ry na agter dood. Daardie Skerpioen, Flip Abrahamse, is nie 'n mens nie, my Grootbaas Kobie, hy is 'n duiwel!"

„Kom, spring hier op my perd se rug," gelas Kobie en met 'n knik vir Hannah vlieg die swart hings uit sy spore uit dieper die klipwoesteny in, met Fleur kort op sy hakke.

„Kobie," skreeu Hannah hier agter hom, „maar as die arme Brooks dood is, wat help dit om . . ."

„Ek wil sien hoe hy aan sy einde gekom het," skreeu Kobie terug.

„Die Skerpioen het ook 'n briefie geskryf en in baas Brooks se hempsak gesteek voordat hulle hom laat loop het," sê Samuel hier voor op die perd.

„Het hulle dan gedink die man kan in hierdie dorre wêreld terugstap en bly lewe?" Kobie se stem is sag maar sy oë skiet blou vlammetjies van opkomende woede.

„Hulle het hom sy perd ook gegee—en het hulle nie gelag nie, my Grootbaas! Sien baas Brooks kon nie die perd ry nie. Hy moes hom lei."

„Nou verstaan ek jou nie, Samuel," sê Kobie terwyl die wind om hul ore suis soos Donker die aarde skeur. „Baas Brooks het sy perd maar moet hom lei. Wat . . ?"

„Grootbaas sal sien," is egter al wat ou Samuel sê.

„Hoe lank was jy spoorsnyer vir daardie twee base?" vra Kobie om 'n minder sombere wending aan die gesprek te gee.

„Grootbaas Kobie, dit was met die passede Krismis by die ses jaar—en twee beter base is daar nêrens in die ganse kontrei nie. Om te dink hulle moes só sterf. Grootbaas Kobie," en Samuel draai hom eintlik dwars voor die ruiter, „ek weet, Grootbaas Kobie, as jy arme baas Brooks gesien het, sal jy nie rus voordat die Skerpioen en sy gemors van die aardbodem afgeveeg is nie. Ken die ganse Dorsland dan nie Grootbaas Ras en die Nonna met die blitsige skietgoed nie? Nou wel, ou Samuel sê nou en hier : Grootbaas Kobie, hier's ek, Samuel Salpeter. Neem my saam. Ek sal . . ."

„Daaroor Samuel, kan ons later gesels," keer Kobie. „Nou is daar ander dinge."

„Ja, my Grootbaas," sê die ou jong gedwee. „Ry daar links om daardie kop, dan is Grootbaas feitlik daar," beduie hy agterna. „Maar die swart hings hy loop mos nie, Grootbaas, hy vlieg mos," raak hy nog 'n gedagte kwyt toe Donker in volle vaart skynbaar net hier en daar grondvat, kompleet asof hy oë in sy hoewe het wat hom sy vier vlieënde pote netjies tussen die los en skerp klippe laat neersit.

„Stadig nou, Grootbaas," maan Samuel nadat Donker en Fleur nog 'n goeie tien minute teen stywe spoed voortgedreun het, „baas Brooks lê net daar by daardie skuins rots daar voor," en Samuel beduie reg voor hulle uit.

„Stadig," maan Kobie sy vurige ros en die volgende oomblik ruk hy die perd in toe hy 'n liggaam potsierlik uitgestrek op die bakkende aarde hier voor hom sien lê.

Hannah, wat langs hom stilgehou het, het net een kyk na die dooie gegee, Fleur kortom omgeruk en toe anderpad bly sit en kyk.

Kobie en Samuel spring af.

„Sien, Grootbaas," fluister die jong hees, „sien jy nou die duiwelswerk?"

„Ek sien, Samuel." Kobie bly in sy twee spore staan, sy oë tot skrefies getrek terwyl hy die toneel voor hom aanskou.

Konstabel Koos Brooks, in lewe 'n aantreklike jongman, vol lewenslus en met 'n aantreklike glimlaggie wat feitlik altyd om sy mondhoeke gespeel het, is haas onherkenbaar in die gesig wat nou na Kobie opstaar. Die bebloede skouer waar die hemp aan die liggaam vasgekoek sit en waar dit wemel van die insekte, is die mins afstootlike van die hele gesig. Selfs die geharde Kobie moet 'n paar keer vinnig sluk toe hy na die dik geswelde tong kyk wat half by die oop mond uithang. Die oë wat oop is, is letterlik wit geskroei deur die son en die man se lyding moes alleraakligs gewees het. Koos Brooks se hande is styf aan sy sye vasgebind met 'n riem wat agter sy rug vasgewoel is. Voor op sy maag pryk twee Boesmanpyle wat aan die riem voor vasgebind is, op so 'n wyse dat die punte van die gifpyle rakelings tot by die konstabel se ken reik. Soos Kobie kan sien, was sy kop agteroor gebuig voordat die pyle vasgemaak is. Koos Brooks moes dus met sy oë hemelwaarts loop, dus vol in die son, gerig. As hy dit sou durf waag om sy kop vooroor te laat sak, sou die gifpyle hom prik en sou hy feitlik oombliklik 'n lyk wees. Die gifpyle was ook die rede waarom die arme man dit nie kon durf waag om op sy perd te klim nie, want as die perd skielik sou struikel of skrik en wegspring, kon die pyle hom ewe-eens onder die keel tref.



„Grootbaas, en asof die nie genoeg was nie, het hulle 'n watersak halfvol water op arme baas Koos se rug vasgemaak," prewel Samuel. „Die baas kon die koue sak op sy rug voel terwyl die son besig was om hom dood te brand en sy oë uit sy lyf te braai. Die watersak het die Boesmans, dieselfde vier wat my wou vrekskiet, weggedra toe baas Koos vir die laaste keer gaan sit het. Ek kon die arme baas se geskreeu en gekerm hoor hoewel ek 'n hele ent van hom af sluip-sluip saam met hom gebly het. Ek kon nie nader gaan en hom help nie want die Skerpioen het die vier Boesmans aangesê om die ‚hond van 'n poliesman' op te pas totdat hy bly lê. Sien hulle het my spore gesien en geweet dat ek ook in die buurt is, en daar is van die Skerpioen se Boesmans wat my taamlik goed ken. Daarom het hulle nadat baas Koos dood is, spoor begin sny agter my aan."

„Hoekom het jy nie, toe die Skerpioen en sy manne weg is, dadelik na my toe laat nael nie?" Kobie, wat intussen gebuk en die riem om die man se lyf losgesny en die pyle verwyder het, voel sy hempsakke deur en trek 'n stukkie vuil skryfpapier uit waarop in potlood geskryf is.

„Grootbaas, toe ek by die polies begin werk het, het die base my dit altyd op die hart gedruk dat ek nooit onder enige omstandighede die wit base in die steek moes laat solank daar nog lewe in hulle is nie," kom die antwoord. „Baas Le Roux

het altyd vir my gesê: ‚Ou Samuel, al lyk dinge ook hoe hopeloos, onthou, solank daar lewe is, is daar hoop, my jong'."

„As die baas net kon hou tot laasnag, het ek nog gedink, gaan ek 'n plan probeer prakseer om arme baas Koos te help, maar die son was een te veel vir hom, Grootbaas Kobie."

„H'm," sê Kobie wat vlugtig die paar woorde, neergeskryf in 'n ongeletterde hand, lees. „Samuel weet jy wat skryf daardie Flip Abrahamse, daardie kamtige Skerpioen?"

„Nee, my Grootbaas, ou Samuel hy kan nie lees die woorde by die papier nie."

„Hy skryf . . . Hannah, luister hier : ‚Wat met hierdie simpele konstabel gebeur het, sal met almal gebeur wat probeer om die gebied van die Skerpioen binne te kom. (get.) Flip Abrahamse, die Skerpioen van die Richtersveld'."

„So 'n woestaard," merk Hannah op wat al die tyd na die gesprek tussen Kobie en Samuel sit en luister het. „Ek wens iemand . . ."

„Ons gaan nou-nou gesels," sê Kobie, en daar is 'n klank in sy stem wat Hannah maar te goed ken. Sy weet klaar dat Kobie Ras voortaan nie sou rus voordat hy met hierdie vrybuiter slaags geraak het nie.

„Samuel, kom ons pak die baas toe onder die klippe, my jong," sê Kobie, wat klaar gemerk het dat daar behalwe die briefie, niks van waarde in die vorm van ammunisie of wapens by wyle Koos Brooks se lyk gelaat is nie.

Toe die werk afgehandel is, 'n takie waarmee ook Hannah teen die einde help, vra Samuel : „Gaan Grootbaas nie die baas se perd probeer aankeer nie? Hy dwaal moontlik nog hier rond."

„As die Boesmans nie die perd dood gemaak het nie, Samuel, sal hy self sy pad na die kamp terug kry," antwoord Kobie. „Ons kan nie waag om te lank hier rond te dwaal nie. 'n Mens weet nooit wat die Skerpioen in die mou voer nie en ek is nie reg vir hom nie—nie vandag nie, my jong. Kom spring weer op my perd en vertel vir my en die nonna alles wat gebeur het nadat jy en jou twee base vyf dae gelede by ons kamp daar by die rivierdrif weg is," en Kobie en Samuel wip op Donker se rug.

„Samuel, sal jy mense kan lei tot by die Skerpioen se nes?" Hannah stel die vraag sonder om na Kobie te kyk.

„Tot baie naby, my nonna. Sien, ons is nie by die Skerpioen se eintlik lêplek aangekeer nie, maar duskant. Ons is behoorlik in 'n wip gelei, my nonna."



„Ek verstaan. Nou goed, vertel maar jou storie," en Hannah trek Fleur tot feitlik teenaan Donker sodat sy elke woord kan hoor en terwyl die perde op 'n stappie voortgaan, val Samuel weg :

„Alles het goed gegaan tot sowat 'n dagreis anderkant waar ons nou net was, my Grootbaas. Baas Jan le Roux het nog kort voor die moleste vir baas Koos gesê—ai, dis of ek hom nog so hoor, my Grootbaas : ‚Koos, ou vriend, ons sal van nou af moet lig loop, maar as ons versigtig is, kan ons miskien tog op daardie Skerpioen se spoor kom en as ons dit het, gaan ons die Boere oorhaal om die pestilensie te kom uitroei.' My Grootbaas, en glo my, dit was nie 'n halfuur later nie—ons is toe darem in 'n egte miernes van klofies, almal nou gangetjies vasgeknyp tussen yslike rotsmure en kranse—toe ek in my spore vassteek. Sien, ek het al die tyd spoorgesny of probeer sny in daardie rotsaarde waar grond nou maar net eenvoudig nie bestaan nie, terwyl die twee base op 'n stappie al agter my aan gekom het te perd."

„Ek begryp. En toe?"

„Ek steek toe vas, Grootbaas, want ek het 'n sagte geritsel kort voor my agter die kranse gehoor. Daar kan 'n mens beswaarlik tien tree op 'n slag voor hom sien soos die kranse holderstebolder kruis en dwars lê. Ek dink eers dis dalk 'n wildsbokkie op pad water toe—die rivier is daar naby, maar of 'n mens die water kan bykom weet ek nie, hoewel daar miskien versteekte watergate is of 'n fonteintjie of so iets, my Grootbaas. Dit was al laterig die middag, verstaan."

„Ja, gaan voort, Samuel." Kobie is haastig om by die kern van sake te kom maar weet uit ondervinding dat Samuel se soort 'n storie op hul eie manier opdis en as jy hulle laat begaan, kom jy uiteindelik tog by die kern uit.

„Toe ek gaan staan, het die base dadelik hul diere ingetrek en doodstil bly sit. Die geluidjie wat ek gehoor het, was nou stil en ek besluit om versigtig vorentoe te gaan en te loer wat dit was wat ek gehoor het.

„Maar skielik het ek duidelik die geluid van iets teen klip gehoor—'n boesmanpyl het teen klip gekap, waarskynlik toe een van die wildes van een krans na die ander gespring het.

„‚Boesmans, Base,' het ek gefluister, ‚Ons moet . . ,' maar toe lê Baas Brooks al aan en toe die skoot klap, tuimel 'n Boesman skuins bokant my van die kranse af. Die ander—ek het vier gesien, vlieg daar soos dassies om en verdwyn tussen die kranse. ‚Kom, Koos!' skreeu baas Jan, en hoewel ek hulle